LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

24 Julie 2020

Geagte Ouers

SLUITING VAN SKOLE

Die afgelope paar dae was daar verskeie gerugte en interaksie met die Minister van Basiese Onderwys oor die sluiting van skole. Op 20 Julie het al Laerskool Park se grade met groot sukses teruggekeer om hul jaar verder aan te pak. Ons het net begin om skoolritme te ontwikkel en nou staan ons weer voor ‘n nuwe uitdaging.

Tydens die mediaverklaring van die President, mnr Cyril Ramaphosa, op 23 Julie 2020 is ons in kennis gestel dat skole gesluit word.

Wat weet ons?

- Skole sluit vir ‘n tydperk van “vier weke” maar…
- Graad 7’s sluit vir twee weke en begin moontlik op Maandag, 10 Augustus. (Dit is egter ‘n vakansiedag en daar gaan aan die Seniorfase se dakke gewerk word vanaf volgende week. Ek sal u op hoogte hou met die vordering.)
- Dat die skooljaar nie soos tradisioneel gedurende Desember sal eindig nie, maar sal oorloop na 2021. Hieroor sal ons duidelikheid moet kry.
- Dat by hervatting van die skoolkalender op 24 Augustus alle grade weer terug by die skole sal wees. Ons gaan voort met die alternatiewe dag-stelsel om 50% akkomodasie te handhaaf.
- Nuwe direktiewe sal meer duidelikheid moet voorsien betreffende ‘n hele paar aspekte.
- Ons gaan eers ‘n vakansie breek neem en dan begin met voortgesette klasse sodat ons leerders, veral in Graad 1 tot 3, nie agter moet raak nie.

SKOOLFOTO’S

Die sperdatum van skoolfoto’s was 7 Augustus. Ons skuif hierdie datum nou aan na Maandag, 7 September 2020.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit